# e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

**29 Julie 2010**
**Jaargang 3 – Uitgawe 25**


## In hierdie uitgawe


- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad


**Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!**

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

# VOORBLAD

## Nuus oor die hersiening van die kurrikulum

**Minister Motshekga se aankondigings op 6 Julie 2010 het uiteenlopende reaksies en interpretasies ontlok. Vir 'n geruime tyd was daar die verwagting dat die een of ander verandering rondom die huidige kurrikulum sou kom.**

Kurrikulum 2005 en sy *sixteen strategies* word nie teruggetrek nie, maar herverpak. Die belangrikste verskil is dat die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) voorskryf watter inhoude in elke vak vir elke graad behandel moet word, terwyl Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) 'n onderrigbenadering is. Kortom, die verskil tussen die NKV en UGO is die verskil tussen die wát en die hóé – wat in die klaskamer behandel moet word, en hoe dit behandel kan word.

'n Ontleding van die aankondiging dui onder andere op die volgende:

- Daar is terugbeweeg na die basiese vertrekpunte van leer, onderrig, assessering en handboeke. Dit is goeie nuus gesien in die lig dat ernstige kritiek, juis ten opsigte van dié fasette, in die verlede uitgespreek is. Die terugkeer na die term *vak* in stede van *leerarea* en *leerprogram* illustreer hierdie terugkeer na die meer konvensionele benadering tot onderwys. Die vermindering van 8 vakke na 6 vakke in die Intermediêre Fase sal vanaf 2012 ingefaseer word. Dit sal voortaan as Kurrikulum 2025 bekendstaan en dit beloof om 'n beter gestruktureerde, meer vaartbelynde en vereenvoudigde dokument te wees, terwyl groter klem op inhoudskennis geplaas word.
- Dit is verblydend dat die Minister weer eens die vermindering van werklading van onderwysers aanspreek. Stappe wat as korttermynmaatreëls geneem is, het egter nog nie noemenswaardige vordering in dié verband meegebring nie.
- Dit is uit die Minister se aankondigings duidelik dat daar nou met mening terugbeweeg word na 'n model van doelstellings, voorgeskrewe inhoud en assessering. Die gebruik van die term *sillabus* bevestig hierdie verandering in benadering verder. Die prioritisering van eksamens is 'n welkome wending.
- Die kurrikulum is gerig op 'n nog groter nasionale eenvormigheid. Dit beteken dat ten opsigte van inhoud en die ordening alle leerders in alle skole regoor die land, dieselfde inhoud in dieselfde volgorde doen. Eenvormigheid beteken egter dat nie voorsiening gemaak word vir partikuliere behoeftes en omstandighede nie. Minderheidsgroepe kan hierdeur ernstig benadeel word.
- Voortaan gaan reeds in graad 1 met onderrig in die onderrigtaal begin word as die onderrigtaal van die skool nie die leerder se huistaal is nie. Die rede is waarskynlik omdat die praktyk getoon het dat veral Afrikataal-sprekende leerders wat tot graad 3 in hul huistaal onderrig ontvang het, nie daartoe in staat is om in graad 4 na die onderrigtaal (Engels) oor te skakel nie. Die verwysing na die belangrikheid van die huistaal is dus nie van veel betekenis nie en bring weer die kwessie van moedertaalonderwys in gedrang.

In sy geheel is die inisiatiewe wat die verklaring voorgestel het deur die onderwysgemeenskap verwelkom, met sekere voorbehoude. Onderwysunies is oor die algemeen positief. Daar lê steeds groot uitdagings voor vir die verbetering van die onderwysstelsel. Kurrikulumaanpassings is noodsaaklik, maar daar is dieper liggende probleme in die onderwysstelsel wat nie noodwendig kurrikulumverwant is nie.

Vir 'n meer tegniese analise van wat die aankondiging vir die praktyk beteken, kan die webtuiste van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) besoek word:
**http:www.saou.co.za/SAOU/215/ProfMatters.html**

**Dr Gustav Claassen**
**Sameroeper van die Tussenkerklike Raad se werkgroep vir opvoeding en onderwys**


**Skakels**

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
*Die Hervormer* **www.hervormer.co.za**
*e-Hervormer* **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

## Vakante standplaas

- **Gemeente Sasolburg-Suid** se predikant het op Sondag 4 Julie emeritaat aanvaar. Die gemeente wil so gou moontlik die **vakante volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat tot 12 jaar ervaring in die bediening het. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met 'n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op 'n Sondag met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 5 September 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Marinda Coleske, by Posbus 40, Sasolburg 1947, of per e-pos na **mccoleske@gmail.com**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 016 973 2147 of 083 443 6904.

# PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Kálmán Papp (sr)

Ds Paul Janse van Rensburg

- **Emerituspredikant ds Kálmán Papp** is Maandag 26 Julie uit die hospitaal ontslaan en opgeneem in 'n afdeling vir verswakte bejaardes in die Panorama-aftree-oord in Krugersdorp. Hy is baie swak, maar dit gaan onder omstandighede goed met hom. Sy vrou, Mieke, herstel mooi en bly voorlopig in hul huis aan waar sy steeds deur 'n verpleegster versorg word. Voorbidding word gevra vir die egpaar en die res van die familie.

- **Ds Paul Janse van Rensburg** van Gemeente Primrose sterk in die hospitaal aan na 'n operasie en infeksie wat toe opgedoen is. Ons bid hom volkome herstel toe.

- Dit gaan beter met **ds Herman Gothan**. Hy behoort gedurende die week die hospitaal te verlaat en sal dan verder tuis by sy kinders aansterk. Die gemeentelike werk in Heilbron word waargeneem deur ds Nico Brayshaw wat ook lidmaat van die gemeente is.

- **Prof Theo Koekemoer** vier op Sondag 8 Augustus sy 60ste ampsjubileum tydens die erediens om 09:00 in Gemeente Oos-Moot. Die gemeente vier by die geleentheid ook Nagmaal.

Prof Theo Koekemoer

Ds Giel Malan

- **Ds Giel Malan** van Gemeente Newlands begin op **Vrydag 6 Augustus** met weeklikse uitsendings op die Christelike televisiestasie **Kruiskyk**. Dié stasie bestaan reeds twee jaar. Die halfuur-uitsendings is op Vrydae om 06:30, en word herhaal op Woensdae om 11:30. Om dit op te vang, moet 'n mens 'n skottel hê, en die dekodeerder instel volgens aanwysings wat by **www.kruiskyk.co.za** beskikbaar is. Predikante wat daarin belang sou stel om by soortgelyke uitsendings betrokke te wees, kan ds Malan kontak by **gielmalan@lantic.net**, 012 567 5776 of 073 570 4644.

- **Ds Werner Olivier** het die deeltydse beroep na Zimbabwe aanvaar. Hy sal een week per maand daar werk. Dit sluit twee Sondae in. Hy sal dan die eredienste by

Harare en Bulawayo waarneem. Dit is 'n nuwe fase in die bediening in Zimbabwe. Daar moet meer kontinuïteit kom met die hantering van krisispastoraat. Besoeke deur predikante en gemeentes gaan voort, en sal by die verskillende preekpunte 'n tweede erediensgeleentheid meebring. Ondersteuning en voorbidding vir die lidmate word steeds gevra.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 30 Julie: Di Sarel Oosthuizen (Stilfontein-Wes) en Danie van der Watt (Montana)
  - Saterdag 31 Julie: Ds Antoinette van Zyl (Vrede) en dr Jan Vorster (Verwoerdburg)
  - Sondag 1 Augustus: Prof Ben Engelbrecht (emeritus)
  - Dinsdag 3 Augustus: Ds David du Plessis (Wonderboom-Suid)
  - Woensdag 4 Augustus: Di Jan Claassen (Strand), Frans Oosthuizen (Pietersburg) en Stephan van Tonder (beroepafwagtend)
  - Donderdag 5 Augustus: Ds Drikus Engelbrecht (Windhoek)
  - Vrydag 6 Augustus: Dr Stephan Hoffman (Vaalharts), di PT Jacobs (emeritus) en Renier Lee (siekte-emeritaat)

- **Gemeente Klerksdorp** se nuwe e-posadres is **admin@nhkklerksdorp.co.za**, en hul faksnommer 086 742 7840.

- Gemeentes se **geloofsbriewe** vir die 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV) moet voor 31 Julie by die kantoor van die sekretaris van die Kommissie van die AKV ingehandig wees. Nog heelwat geloofsbriewe ontbreek.

Dr Hennie van Deventer

- Die **vraelys oor bejaardesorg** het waarskynlik reeds alle gemeentes bereik. Baie dankie aan die gemeentes wat reeds so fluks gereageer en die lyste teruggestuur het. Dit sal goed wees as die res van die gemeentes dit so gou moontlik kan afhandel. Daar is nog genoeg tyd, maar hoe gouer ons die voltooide vraelyste ontvang, hoe vinniger kan die data wat daarin vervat is, verwerk word. By voorbaat dankie vir almal se omgee vir ons senior lidmate, hul versorging en welstand. Kontak dr Hennie van Deventer by **hennie@otmt.org** of 082 786 8448 indien daar navrae is.

- Die NHSV hoofbestuur, die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk, SENTIK, die argivaris mnr Nandor Sarkady, en dr Jackie Grobler van die Universiteit van Pretoria is besig met 'n **navorsingsprojek oor belewing en hantering van armoede gedurende 1930-1960**. Die vraelyste is beskikbaar by alle NHSV takke en op die NHSV webblad **www.nhsv.co.za**, en is ook per e-pos aan elke gemeente gestuur. Dit is belangrik dat alle predikante en kerkrade moet meedoen, want ons moet soveel vraelyste moontlik terugontvang om die projek te laat slaag. Die keerdatum is **einde September 2010**.

- Alle **vrouelidmate, NHSV takbesture** en ander lidmate word uitgenooi om die **2010 streekbyeenkomste** met die tema *Gesinne – daar vir mekaar* gedurende Augustus en September by te woon. Die byeenkomste dien ook as toerusting aan takbesture en gee die takke in 'n streek geleentheid om probleemareas te bespreek. Besonderhede oor die verskillende byeenkomste kan van die NHSV hoofbestuur bekom word, by **nhsvhoofbestuur@nhk.co.za**, 012 325 0117 of 072 801 9830.

- **Gemeente Dullstroom** bied gedurende Julie en Augustus vanjaar vir oorwerkte predikante gratis verblyf vir 'n naweek in die pragtige Dullstroom. In ruil moet hy/sy die Sondagoggend om 10:00 vir die gemeente 'n erediens hou in die historiese ou klipkerkie. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com**.

## Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Welgelegen-Pietersburg: 1 Augustus**
  Viering van 25ste bestaansjaar
  Kontak Annatjie Sandrock by **nhk.welgelegen@absamail.co.za**, 015 295 5464 of 072 356 7189

- **Gemeente Namibkus: 7 en 8 Augustus**
  Inwyding van nuwe kerkgebou in Hentiesbaai
  Prof Theuns Dreyer en sy vrou namens Kommissie van die AKV
  Saterdag 7 Augustus om 14:00 oordra van groeteboodskappe en feesmaal
  Sondagoggend 8 Augustus om 11:00 hoeksteenonthulling deur ds Leon Janse van Rensburg en Nagmaal

- **Gemeente Wonderboompoort: Maandag 9 Augustus om 08:00**
  NHSV se Vroue-erediens vir Nasionale Vrouedag
  Gelei deur prop Carusta van der Merwe
  Daarna sop en broodjies in kerksaal
  Mans ook hartlik welkom!
  Navrae aan Giesela Schwarzer by 012 335 4181 of 083 709 9808
  of Janeke de Bruin by 012 335 0040 of 072 620 4060

- **Gemeente Bloemfontein-Wes: 13-15 en 20-22 Augustus**
  Viering van 40ste bestaansjaar
  Oudlidmate kan dokumente, foto's en staaltjies aanstuur vir gedenkalbum
  Kontak die skriba, Santie Hamman, by 082 829 7468
  of die sekretariële beampte, Willemien Bloem, by 083 658 6753
  Stuur bydraes per e-pos na **wilred@telkomsa.net** of **ljstrauss@lantic.net**

## Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Saterdag 31 Julie: Gemeente Bronkhorstspruit damesoggend**
  Gasspreker Lynette Wilsenach
  Tema: *Leef voluit!*
  R50 per persoon
  Skakel 013 932 2929 vir meer besonderhede

- **Saterdag 31 Julie om 18:30: Gemeente Oos-Moot konsert**
  Navi Redd as hoofprogram en Hans Drommedaaris as voorprogram
  Hoërskoolsaal Oos-Moot, Haarhoffstraat, Villieria (GPS S25 42.470 E28 14.432)
  Gratis sjerrie voor die konsert
  Koop warm sop en broodjie tydens pouse
  Bespreek by Computicket

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Leeudoringstad oggendtee**
  Met Elsabé Aldrich en tema *Alice in Wonderland*
  R100 per persoon, sluit geskenkie en verversings uit Wonderland in!
  Vir wip-in-die-stap en sappige inligting, kontak Thea van Rooyen by 018 581 3432 of 073 723 9883

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Mafeking musiekaand**
  Mareetsane-boeresaal
  Zak van Niekerk, Thys die Bosveldklong, Jaco Labuschagne en Gerhard Odendaal
  R200 per volwassene en R50 per laerskoolkind, sluit ete in
  Kontantkroeg beskikbaar
  Bespreek by Adri Dreyer (082 388 2615) of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

- **Vrydag 27 Augustus: Gemeente Krugersdorp-Noord jaarlikse musiekfees**
  F # koor onder leiding van Attie Rossouw, en koor van Hoërskool Noordheuwel
  Orreluitvoering deur Willem Luitingh (begeleier van Black Tie Ensemble)
  Dwarsfluitspeler Melissa Hall, verskeie soliste en 'n instrumentele ensemble
  R50 per persoon
  Kontak ds Johan of Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456

- **Saterdag 11 September om 09:00: NHSV Gemeente Theresapark lente-ete**
  Te *Vivaldi,* Sylviastraat 78, Heatherdale
  Met Sam, stileerder van TV-program *GlamGuru*
  R90 per persoon
  Vir meer besonderhede en bespreking skakel 012 542 2805, 012 542 3568, 082 460 6279 of 073 099 3699

- **Sondag 31 Oktober: Gemeente Kemptonpark-Oos Onbeskaamd**
  R25 per persoon
  Groepe van 20 of meer, R20 per persoon
  Kontak Anneline by 082 924 7344 om te bespreek

## Kampe en toere

- **27 September tot 1 Oktober: Ondersteuningsraadkamp**
  Koste R750 per kind
  Kontak Suzanne van Deventer by **oraad@telkomsa.net**, 012 325 2320 of 071 684 7789 om **'n kind te borg**

## Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Sionspoort: Fietswedren Saterdag 14 Augustus**
  Oor 120 of 58 km (pad) en 50 of 23 km (bergfiets)
  Skakel Johan van Staden by 082 464 1547
  Besoek **www.sionspoort.org** vir meer inligting

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Benoryn (Benoni): Wynproe Vrydag 30 Julie 18:30**
  Kom proe wyne van Vredenheim wat gewoonlik net uitgevoer word
  Ontmoet die wynmaker!
  R180 per persoon (sluit proewyne en driegangmaaltyd in)
  Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester: Biltong-kuieraand en dans Vrydag 13 Augustus**
  Mayfair Village
  Verskeidenheid biltong, droëwors, tuisgebakte brode, smere en konfyte
  Koffie/tee met soetigheid
  R110 per volwassene, kinders onder 12 R50
  Kontak Veronica Blake by 082 969 1302 of 018 468 4650 naure

- **Gemeente Erasmia: Jaarlikse Bybelstap Saterdag 14 Augustus**
  Voortrekkermonument
  Registrasie vanaf 07:00, stap begin om 08:00
  Ook 'n roete vir bergfietse
  R35 per persoon
  Navrae aan Isme Dalton by 012 370 3513 of 082 962 2870

- **Gemeente Roedtan: Buffeljagkompetisie met trekking 14 Augustus**
  R50 per kaartjie

1ste prys: Buffelkoei, 2 blouwildebeeste, koedoe, blesbok, rooibok en akkommodasie vir 10 vir vier dae
2de prys: Voëljag en akkommodasie vir 10 vir twee dae
Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 086 518 9110, of **jagkompetisie@gmail.com**
Bankrekening: Absa Spaar; takkode 632 005; rekeningnommer 924 227 4630

- **Gemeente Mafeking: Vakansie-akkommodasiekompetisie**
  R50 per kaartjie, trekking 28 Augustus
  1ste prys: 3 nagte verblyf vir 8 by Botsalano Game Reserve in 4 tweepersoon-, luukse selfbedieningstente
  2de prys: 3 nagte verblyf vir 4 in houtkothuis by Bloemhofdam (ideaal vir hengelaars)
  Kontak Johan of Rika de Klerk by 082 552 0237 of 079 526 1443
  of Magda Redelinghuys by 082 789 1523

- **Gemeente Bloemfontein: Drienasies Saterdag 4 September (Bokke teen Australië)**
  Teen donasie van R3 000 (waarde van pakket R10 000, insluitend groot fotocollage van die wedstryd en jy en jou vriende op die pawiljoen)
  Wen 10 sitplekke op die hoofpawiljoen in die middel
  Slegs 15 lootjies sal verkoop word!
  Sluitingsdatum **13 Augustus** om 09:00, wenner hoor om 09:30
  Kontak Danie Nortjé by 082 446 4890 of die gemeentekantoor by 051 446 4316
  of dr Johan Nel by 083 400 0267

- **Gemeente Premiermyn: Wen ’n Ford Bantam-bakkie**
  Slegs R100
  Wenner bekendgemaak op **17 September** se NHSV-kuieraand
  Kontak Piet by 083 230 1135

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen ’n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk (50 boekies met 11 kaartjies)
  Verkoop kaartjies teen R100 stuk en samel R50 000 in
  Groot pryse te wen
  Sluitingsdatum **4 April 2011**, trekking 8 Mei 2011
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet of Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Derdepoort: Vleis**
  Wildswors R38 per kg en wildsvleissalami’s R100 elk
  Boerewors, maalvleis en kookvleis ook beskikbaar
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402 om te bestel

- **Gemeente Derdepoort: Sonkrag**
  Vervang geisers met sonkragtoestelle
  Kontak ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

- **Gemeente Derdepoort: Barmhartigheidsprojek**
  Donasies benodig van blikkieskos, niebederfbare kos, klere en breekgoed
  Sal dit kom haal!
  Skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933 of 012 800 2402

## Basaars en markte

- **Vrydag 30 Julie tot Sondag 1 Augustus: Gemeente Buffelspoort Buffelfees**
  ATKV Buffelspoort (Mooinooi)

Burger le Roux (Supersterre 2010), Jennifer Zamudio, Guillaume en Staaldraad
Bergwedloop oor 5, 10 en 15 km
Kunsmarkstalletjies en baie vermaak
Kontak ds Neels van Tonder by 072 633 3367 of **nvtonder@vodamail.co.za**

- **Vrydag 30 tot Saterdag 31 Julie: Gemeente Premiermyn Warmwinterfees**
  Zonderwaterweg, Cullinan (R515)
  Smulkos, pretvermaak vir kinders, vlooimark en veiling
  Navrae aan Alta by 082 682 1252, Annetjie by 082 921 8200
  of Piet by 083 230 1135

- **Saterdag 31 Julie 09:00 tot 15:00: Gemeente Wonderboompoort Loffiefees**
  Pannekoek, vetkoek, boerewors (R40/kg) en springmielies
  Spin and WIN!
  10 soorte speletjies met pryse te wen
  Snollieblaas, tazzo's bou, eiervang, ballon-*aerobics*, toutrek, sakresies...
  Kom stal jou ware uit teen R50
  Koekversierkompetisie, kulkunstenaar en springkasteel
  Veilige parkering met motorwagte
  Skakel 012 335 0040

- **Saterdag 31 Julie: Gemeente Gaborone Biltong- en Potfees**
  Molkey Sport/Duma FM-terrein langs westelike verbypad (A1) by Phakalane
  Met Manuel Escorcio
  Van 09:00 tot vroegaand se potjiekoskompetisie en ete
  Aktiwiteite en stalletjies, kosse en ander produkte
  Biltong en beste kwaliteit vleissnitte teen weggeepryse
  Buite-uitstallers welkom
  Kontak ds Marthinus van Staden by **mvansta@xsinet.co.za** of 00267 713 07197
  of Riaan van Vuuren by 00267 716 61201 of **riaan@home.co.bw**
  Besoek **www.nhgaborone.org**

- **Saterdag 31 Julie: Ring van Middelburg**
  **Groot 5-basaar van Klein 5-gemeentes**
  Wors, wildsvleis, gebak, handwerk en meer
  By Gemeente Middelburg, hv Bhimy Domane- en Lilian Ngoyistraat
  Kontak Elsa van Dyk by 013 243 3949, 082 700 2425 of **nhkmid@gmail.com**
  of Annelien Janse van Rensburg by 082 452 6042

- **Saterdag 21 Augustus: Gemeente Bronkhorstspruit geskenkemark**
  Stalletjies beskikbaar teen R150 elk
  Skakel 013 932 2929 vir meer besonderhede

- **Saterdag 28 Augustus: Gemeente Mafeking Ommi Wêreld-basaar**
  Smullekker eetgoed, buffelbiltong en -droëwors, vlakvarksalami
  Plante en tradisionele basaaritems
  Unieke tuisgebak en handwerkstalletjies, en veiling van handvervaardigde meubels en kunswerke
  Toegang, musiek en gasvryheid gratis!
  Kontak Johan of Rika de Klerk by 082 552 0237 of 079 526 1443

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Witfontein 7de Delwersfees**
  Delf vir prysgeld ter waarde van R32 500 kontant
  Vir hele gesin om te geniet
  Smul aan tradisionele etes, brousels en stokings
  Kontak Dries Joubert by 082 581 2142 of Ferdie Lubbe by 082 552 3944
  of Jimmy Manders by **jtmanders@icon.co.za**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Magaliesmoot Countryfees en osbraai**
  Stalletjies te kies en keur
  Toegang R20 vir volwassenes en R10 vir kinders onder 10
  Kontak Elma du Plessis by 082 954 7955
  of Emmerentia Botha by 083 243 6014

- **Saterdag 4 September: Gemeente Welgelegen-Pietersburg basaar**
  Kontak Annatjie Sandrock by **nhk.welgelegen@absamail.co.za** of 015 295 5464

- **Saterdag 11 September: Gemeente Meyerspark Stoepsittersfees**
  Fondsinsameling vir blanke plakkerskampe in Pretoria
  Wen 'n 1.3 Ford Bantam-bakkie vir R250
  Kontak Fred Paynter by 083 226 8299 of **mwpaynt@mweb.co.za**
  of die skriba, Simon Kotze, by **nhmeyerspark@lantic.net**

## ANDER NUUS

- **Die Ondersteuningsraad** het vakatures by Heidelberg, Krugersdorp en Witbank vir **Afrikaanssprekende maatskaplike werkers**, en 'n vakature vir 'n **programbestuurder** in die Oos-Randstreek (Brakpan, Elsburg, Kemptonpark en Johannesburg). Navrae kan gerig word aan mev Mariaan Steenkamp, uitvoerende direkteur van die Ondersteuningsraad, by 012 322 8885 x290, faks 012 322 5787, of **mariaans@nhk.co.za**.

- Diakonale Pleegsorg (DPS). **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Rustenburg**. Datum van diensaanvaarding Desember 2010 maar nie later nie as 1 Januarie 2011. Aansoeke sluit op 13 Augustus 2010. Getroude egpaar, verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud, lidmate van die Hervormde Kerk, goeie gesondheid en 'n aanvoeling vir kinders. Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning in die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880.

- **Geleentheidsverblyf.** Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied aan ouer selfstandige lidmate van die Hervormde Kerk tydelike verblyf in goed toegeruste wooneenhede terwyl die familie by wie hulle inwoon binne- of buitelands vir vakansie of sakedoeleindes moet reis. R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in, alhoewel die eenhede met volle kombuisgeriewe, breekware en tafelgerei ingerig is. Hierdie verblyf op dieselfde voorwaardes is ook beskikbaar vir besoekende predikante, kerkraadslede en lede van die NHSV. Navrae kan gerig word aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Nasionale konferensie oor geweld**
  Sentrum vir Publieke Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria
  *Violence in the democratic South Africa: A challenge to theology and the churches*
  Dinsdag 10 tot Donderdag 12 Augustus
  Sanlam-ouditorium, Konferensiesentrum, hoofkampus UP
  Hoofspeker prof Wolfgang Huber, Evangeliese Kerk in Duitsland
  Ander buitelandse teoloë en Suid-Afrikaanse deskundiges
  R250 vir hele konferensie, R125 vir een dag
  Kontak mev Daleen Kotzé by 012 420 2348 of **daleen.kotze@up.ac.za** (tot 30 Julie)
  of Cobus van Wyngaard by **cobusvw@gmail.com**

- **Kongres oor transendensie**
  Unisa se Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie
  Donderdag 2 tot Vrydag 3 September



Unisa se Sunnyside-kampus
Prof Toine van den Hoogen van Nederland
Nasionale sprekers: Prof Cornel du Toit, dr Etienne van der Walt, dr Francois du Rand, prof Amanda du Preez, Frank Valentine, prof Julian Müller, prof Hansie Wolmarans, dr Elsabé Kloppers, prof Klaus Nürnberger, dr Detlev Tönsing en prof Rakgotsoane
R250
Bespreek deur e-pos te stuur na **phukumlm@unisa.ac.za**
Skakel me Nonnie Fouché by 012 429 4470 of me Phukuile by 012 429 4369

- Die **Dokkies Opvoedkundige Trust** sal **finansiële steun** oorweeg aan geselekteerde voornemende studente vir opleiding as **onderwysers**, vir indiensopleiding en verdere opleiding van gekwalifiseerde onderwysers, en vir geselekteerde, goedgekeurde opvoedkundige projekte. Voornemende aansoekers kan by Die Sekretaris, Dokkies Opvoedkundige Trust, Privaatsak X01, Umbilo 4075 aansoek doen om 'n prospektus. 'n Geadresseerde, gefrankeerde DLB-grootte koevert (± 210 x 99 mm) moet die aansoek vergesel. Aansoekers kan ook 'n e-posadres verskaf, of die webblad **www.dokkiestrust.za.org** besoek. Aansoeke vir 2011 sluit op **30 Oktober 2010**.

- **Dr JM van Tonder** (emerituspredikant van die **Gereformeerde Kerk Krugersdorp-Wes**) is besig met 'n tweede doktorale studie, wat handel oor die betrokkenheid van die drie Afrikaanse Kerke by die **Tweede Wêreldoorlog**, 1939-1945. Hy wil graag mondelinge oorlewering opteken van soldate, die polisie, kuswag en ander strydmagte, asook lede van die Ossewabrandwag. Indien daar Hervormers is met wie hy kontak kan opneem, sal hy dit waardeer. Kontak dr Van Tonder by **altydbeter@gmail.co.za**, 011 660 6164 of 082 544 2879.

- Mr Jan Randall is op soek na 'n **pyporrel**. Enige persoon of gemeente wat oor so 'n orrel beskik en dit te koop wil aanbied, kan hom skakel by 082 807 5515.

- **Van der Hoff Teologiese Vereniging** verkoop vanjaar weer **dasse** om hul fondse te steun en hulp aan studente te verleen. Daar is twee verskillende ontwerpe, en die dasse kos R110 elk. Vir navrae en bestellings, kontak Lisa-Mari Swanepoel by 083 943 4561, of stuur 'n e-pos na **lisamari.swanepoel@gmail.com**.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Maandag 2 Augustus: Raad vir SENTIK
  - Dinsdag 3 Augustus: Raad vir Apostolaat; Ondersteuningsraad
    Direksievergadering
  - Donderdag 5 Augustus: Taakspan

## KOMMENTAAR

"Dr Stephan Hoffman se versugting na 'n AKV met warmte, vreugde, waarheid en Christelike liefde (voorblad, *e-Hervormer* van 22 Julie) het betrekking.

'n Mens het empatie daarmee – ons almal sou graag rustigheid en vrede in ons Kerk wou hê. Indien die konflik in ons Kerk bloot gegaan het oor aspekte soos botsende kulturele of politieke oortuigings, volkskerk en ekumeniese samewerking (of baie ander sake waaroor al in die verlede groot bohaai gemaak is), sou so 'n versugting realisties wees.

By die 69ste AKV is sake soos volkskerk en ekumeniese samewerking egter maar net die rookskerm – domino's wat moet val – in 'n baie meer diepgaande stryd. Die stryd tussen die Waarheid en die leuen. Van ons teoloë verwerp God se almag, verwater sy heiligheid, ontken Jesus se goddelikheid, verwekking deur die Heilige Gees en sy

opstanding uit die dood. Sy koninkryk word verwater tot bloot 'n aardse koninkryk, en die finale oordeel word uit 'n etiese oogpunt bevraagteken. Jesus word as 'n sosiale profeet en politieke figuur voorgehou en sy standpunte oor sake word verdraai om aan te pas by teoloë se persoonlike oortuigings. Skrifgesag word afgetakel. (Gaan lees gerus op die NHK se gespreksforum waar bogenoemde in die geskrifte van ons teoloë uitgewys word.)

Dr Hoffman skryf onder andere: *…ek wil met hulle almal vriendelik kan staan en gesels…* In teenstelling daarmee 2 Johannes: 7: *Daar het baie misleiers te voorskyn gekom in die wêreld. Hulle erken nie dat Jesus die Christus is wat mens geword het nie. Dit is wat ek met "die misleier", "die antichris", bedoel.* En vers 9: *Elkeen wat nie by die leer oor Christus bly nie, maar daaraan verander, erken God nie. Wie in dié leer bly, erken sowel die Vader as die Seun.* Verse 10 en 11: *As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie en hom selfs nie groet nie, want wie hom groet, is saam skuldig aan die kwaad wat hy doen.*

By die 69ste AKV móét daar konflik wees – skerp en diepgaande.

Ek het ook 'n versugting – om in NHK-eredienste te kan sit met 'n oop gemoed – ontvanklik vir *so spreek die Here*, en nie krities om te hoor of die onbybelse siening van ons teoloë nie ook verkondig word nie.

Indien beide die Waarheid en leuen in *Christelike liefde* en in die naam van *teologiese diversiteit* in die NHK *geakkommodeer* word, is ons maar net besig om ter wille van menslike harmonie kerk-kerk te speel. Dan is my versugting net so onrealisties soos dié van dr Hoffman."

**Christo Geldenhuys**

# ADVERTENSIES

**THABAZIMBI APIESDORING-KARNAVAL**
Saterdag 7 Augustus van 09:00 tot 15:00.
Wees 'n slag laf en maak 'n donkie se balk na, en wen R5 000 kontant!
Gaskunstenaars Juanita du Plessis, Jammies Jamneck en Hoot n Annie.
Jaglekkernye soos pap en wildslewer of pap en pofadder of skilpadjies.
Roosterkoeke, bakoondbrood en nat beskuit is ook op die spyskaart.
Kies vir hoofgereg tussen skaap op die spit of afval en stampmielies.
Boomklimkompetisie, laser-kleiduifskiet, boogskiet, kettieskiet, 'n spookhuis, 'n reusetombola en nog baie ander.
'n Veiling waar net kinders tot 17 kan bie op 'n kaskar, elektroniese fiets, miniatuur-varkie, kinderbogie, ensovoorts.
Raai 'n elandkarkas se gewig en jy kan hom wen: verpak en gebiltong en reg om huis toe te vat.
'n Riembrei-demonstrasie met 'n kameelperdvel!
Toegang is gratis.
Navrae: Izak Joubert 083 488 6357 of Hennie van der Linde 083 507 0335.

**MARIJA MANOR GASTEHUIS (WONDERBOOM)**
Marija Manor Gastehuis is 3 km van die Hervormde Kerk in Marjoramstraat geleë waar die driejaarlikse Algemene Kerkvergadering in September plaasvind.
Kontinentale ontbyt is ingesluit.
Buffetontbyt ook beskikbaar op aanvraag.
Veilige parkering en goeie sekuriteit.
Bekostigbare pryse.
Kontak Jolanda by 083 447 2240.
Besoek **www.marijamanor.co.za**.

**DESEMBERVAKANSIEVERBLYF**
Beacon Ilse Hotel, Plettenbergbaai
11-18 Desember 2010 vir 2 persone
R7 000 vir die week (normale prys R11 865)
Kontak Piet van Zyl by 082 212 7436

**Wil u u gastehuis in die Pretoria-omgewing adverteer vir die tydperk van die 69ste AKV aan die einde van September, of dalk verblyf in Potchefstroom gedurende Aardklop?**

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.**

Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

# AGTERBLAD

## Verspreiding van agenda van AKV

Soos in die verlede, doen die sekretaris van die Kommissie van die AKV self die verspreiding van die **agenda** vir die **69ste AKV**. Die **hulp van ringskribas** word egter benodig. Die agendas behoort **teen 4 Augustus** gereed te wees by die Kerkkantoor by mev Karen Breedt. Die volgende afleweringsprogram word beoog:

**RINGE WAT SELF HUL AGENDAS MOET KOM HAAL**

**Pretoria**
Pretoria
Pretoria-Wes
Pretoria-Noord
Noordelike Pretoria

**Oos-Rand en Johannesburg**
Brakpan
Germiston
Johannesburg
Zuurfontein

**Wes-Rand**
Krugersdorp
Roodepoort

**RINGE WAAR AFGELEWER MOET WORD**

**Noordwes-Transvaal 4 Augustus**
Rustenburg
Zeerust
Krokodilrivier

**Wes-Transvaal 5 Augustus**
Losberg
Potchefstroom
Klerksdorp
Maquassi
Noord-Kaap
Gaborone

**Noord-Transvaal 6 Augustus**
Zoutpansberg
Waterberg
Potgietersrus

**Suidoos-Transvaal 9 Augustus**
Bronkhorstspruit
Laeveld
Lydenburg
Middelburg

**Oos-Transvaal 10 Augustus**
Trichardtsfontein
Chrissiesmeer

**Suid-Transvaal en Natal 13-15 Augustus**
Heidelberg
Pietermaritzburg
Heilbron
Noordelike Natal

**Kaapland/Vrystaat 19-22 Augustus**
Vereeniging
Bloemfontein
Oos-Kaapland
Wes-Kaapland
Swellendam
Bothaville

Dorsland met gewone posstelsel
Dosente per handpos
Zambië per pos
Emeriti ontvang agendas vanaf die ringskriba
Predikante in sinodale poste ontvang dit so ver moontlik per hand of van die ringskriba

**Enige predikant of lidmaat wat na 4 Augustus besoek by die Kerkkantoor aflê, veral vanaf veraf ringe, en wat kan help om die ring se agendas saam te neem en by die ringskriba te besorg, word versoek om asseblief te help.**

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx